

Met Komplimente
van ROOI ROSE

BLAARMOTIEF
(sien bladsy 4)

SIMMETRIES
(sien bladsy 4)

FILIGRAAN
(sien bladsy 2)

KUSSINGS TE KUS EN TE KEUR

FILIGRAAN



LET WEL: Die hoeveelheid garing en materiaal wat vermeld word is slegs by benadering. Dit is raadsaam om die hekelwerk vir die kussings te voltooi en daarna die hoeveelheid materiaal wat benodig word te bereken.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; driesl - drieslagsteek; viersl - vierslagsteek; vyfsl - vyfslagsteek; st(e) - steek (steke); gs - glijpsteek; herh - herhaal; sp(s) - spatie(spasies); blk(s) - blokkie (blokkies); vlg - volgende; p(s) - picot (picots); beg - begin; ls(e) - lus(lusse); herh - herhaal; osk - oop skulp [= (2 lb, 3 ks, 2 lb) in een spatie]; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; smst - springmielisteek (= hekel 5 lb in dieselfde steek, trek pen uit laaste steek en steek deur bopunt van eerste langbeen onder albei lusse, tel gevalde lus weer op en trek deur eerste steek, trek goed vas met 1 glijpsteek bo-op; dit vorm die springmielie); oorbl - oorblywende; gp(e) - groep(groepe); weersk - weerskante; grh - garing rondom hekelpen.

FILIGRAAN

(foto bl. 1)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring. Nr. 20; hekelpen van 1,00 mm; genoeg materiaal om kus-singsoortreksel te maak; stopsel.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

ROOSMOTIEF IN MIDDEL: 5 ks, gs om ring te vorm.

1e ronde: 6 ks, (1 lb, 3 ks) 7 keer in ring, sluit met gs in 3e van 6 beg-ks — 8 sps.

2e ronde: (1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp, sluit met gs in 1e kb.

3e ronde: * 4 ks, 1 kb maar steek pen van agter af om lb van 1e rondte deur; herh rondom, sluit met gs.

4e ronde: (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 4-ks-sp rondom, sluit met gs.

5e ronde: Soos 3e rondte maar met 5 ks tussen die kb, en steek hekelpen om die kb van 3e rondte in.


6e ronde: (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 5-ks-sp rondom, sluit met gs. Knip garing af en werk af.

BLAAR: Hekel 13 ks, begin in 2e ks vanaf hekelpen en hekel 11 kb, 3 kb in laaste kb, hekel voort oor tweede kant met 12 kb, 4 ks. Hekel heen en weer in rye, steek hekelpen in agterste ls van elke steek; 12 kb in 12 kb, 3 kb in vlg st, 12 kb, 3 ks, draai werk, slaan 2 kb oor, 11 kb, 3 kb in vlg st, 12 kb, 3 ks, draai werk om, slaan 2 ste oor, 11 kb, 3 kb in vlg st, 10 kb, 3 ks, draai werk om, slaan 2 kb oor, 9 kb, 3 kb in vlg st, 10 kb, 3 ks, draai, slaan 2 kb oor, 10 kb, 3 kb in vlg st, 8 kb, 3 ks, draai, slaan 2 kb oor, 7 kb, 2 kb in vlg st, steek pen in middelste lb van 5 lb in blomblaar, 1 kb in dieselfde st, 8 kb, 3 ks, draai werk, 7 kb; knip garing af en werk af.

Hekel vlg blaar, werk dit aan vlg blomblaar van roos en laaste punt van eerste blaar vas.


Hekel 8 sulke blare wat op dieselfde manier aan die middelste blom en aan mekaar vasgehekel word.

NA BLADSY 4



SIMMETRIES
(sien bladsy 4)

BLAARMOTIEF
(sien bladsy 4)





SPRINGMIELIE Nr. 2
(sien bladsy 7)

SPRINGMIELIE Nr. 1
(sien bladsy 7)

VAN BLADSY 2

KLEIN ROOSMOTIEF: Om tussen blare in te voeg. Hekel 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 24 lb in ring.

2e rondte: * 5 ks, slaan 2 ste oor, 1 kb*; herh rondom, sluit met gs; gs voort tot middel van vlg 5-ks-sp.

3e rondte: * (5 ks, gs in 2e ks) 3 keer, (d.w.s., 3 groot picots), 1 ks, 1 kb in vlg ls*, herh van * tot *, werk hierdie roosmotief aan middelste picot van vlg 4 lusse aan die lusse van 2 daaropvlg blare vas. Werk 'n klein roosmotief tussen elke 2 blare in — 8 klein roosmotiewe.

Hekel nog 4 sulke klein roosmotiewe en heg dit op die 4 hoeke tussen middelste 2 picots van 2 opeenvolgende lusse vas.

1e rondte: 1 kb in vlg p, 6 ks.

2e rondte: (6 ks, 1 p, 3 kb, 6 ks) in hoeklus, draai werk om, 1 gs in 3e kb na vlg p, draai, in pas gevormde ls hekel 3 kb, 1 p, 5 kb, 1 p, 5 kb, 1 p, 3 kb, voltooi hoeklus met 3 kb, in lse aan sykante moet (2 kb, 1 p) 3 keer gehekel word en dan weer 2 kb.

Hekel 'n tweede vierkant en heg dit aan die vorige vas by die middelste picots van elke lus asook die hoek-picot. Hekel nog 2 sulke vierkante en werk vas soos uiteengesit.

Nadat 4 vierkante voltooi is, word dit soos volg afgewerk:

1e en 2e rondte: Hekel lusse en picots soos laaste rondte van klein vierkant.

3e rondte: * 1 lb in middelste p van vlg ls, 5 ks; herh rondom.

4e rondte: * (1 dsl, 1 ks) 6 keer in vlg lus, 1 dsl in dieselfde ls, slaan 1 ls oor, 1 ks, 1 kb in vlg ls, 1 ks; herh rondom.

5e rondte: 1 kb, 3 ks in elke 1-ks-sp.

AFWERKING: Knip materiaal vir kussing-oortreksel om by voltooide hekelwerk te pas. Werk dit aan 3 kante toe, stop met

stopsel en werk 4e kant toe. Werk dan die gehekelde vierkant met fyn stekies daaraan vas, al rondom al vier kante, asook 'n paar steke in middel om verskuiwing te voorkom.

BLAARMOTIEF

(foto bl. 1)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 20 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hekelpen van 1,00 mm; materiaal vir kussing-oortreksel; stopsel.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie; p = picot (= 4 ks gs in 1e ks).

ROSET: 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 3 ks vir 1e lb, 23 lb in ring, sluit met gs.

2e rondte: *3 kb, 3 ks; herh 8 keer; dit vorm 8 picot-agtige sps, sluit met gs.

3e rondte: *1 lb in 2e kb, 6 ks, slaan vlg 3-ks-sp oor; herh tot einde. Knip garing af en werk af.

BLAAR: 17 ks, begin in 2e ks vanaf hekelpen met 15 kb, 3 kb in vlg st, 15 kb aan ander kant van begin-ks; 3 draai-ks, hekel nou slegs in agterste ls van elke st; 16 kb, 3 kb in vlg st vir punt van blaar, 16 kb, 3 draai-ks, slaan 2 kb oor, 15 kb, 3 kb in vlg st, 13 kb, 3 draai-ks, slaan 2 kb oor, 12 kb, 3 kb in vlg st, 13 kb, 3 draai-ks, slaan 2 kb oor, 12 kb, 3 kb in vlg st, 11 kb, 3 draai-ks, slaan 2 kb oor, 10 kb, 3 kb in vlg st, 11 kb, 3 draai-ks, 8 kb, 7 ks, draai, slaan 3 kb oor, 1 lb in vlg kb, (4 ks, 1 lb in vlg 3-ks-sp) 3 keer, 4 ks, (1 lb, 4 ks, 1 lb) in middel van blaar; (4 ks, 1 lb in vlg 3-ks-sp) 3 keer, (4 ks, slaan 3 kb oor, 1 lb in vlg kb) 2 keer, draai werk om.

Vlg ry: (osk in 4-ks-sp, 3 ks) 11 keer; die laaste 3 ks in die draai-ks.

Vlg ry: (osk in osk, 3 ks) 11 keer; die laaste 3 ks is die draai-ks.

Laaste ry: *1 lb, (1 p, 1 lb in vlg osk) 3 keer, 3 ks, 1 kb in vlg sp, 3 ks*; herh van * tot einde.

Knip garing af en heg af.

Hekel die vlg 3 blare op dieselfde manier en heg hulle aan mekaar vas by 'n picot aan sykante in laaste ry.

Heg nou die blare aan middelste roset vas soos volg: *5 lb in enige 6-ks-sp van roset, 4 ks, gs vas aan punt van blaar, hekel terug oor hierdie 4 ks met 5 kb, 5 lb in dieselfde roset-sp; 5 lb in vlg roset-sp, 8 ks, gs vas aan ls voor laaste rondte van blaar, 6 kb oor eerste deel van hierdie 8 ks, 4 ks, gs vas aan ooreenkomstige punt van vlg blaar, 6 kb oor 4 ks, 5 kb in oorbl deel van 8-ks-ketting, 5 lb in dieselfde roset-sp*; herh van * tot einde.

AFWERKING: Knip oortrekselpante uit materiaal en werk dit aan 3 kante toe. Stop op. Werk laaste kant toe en werk die gehekelde motief in posisie aan oortreksel vas.

SIMMETRIES IN FILET

(foto bl. 1)

BENODIGDHEDE: 1 bol Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20 (20-g-bolle); hekelpen van 1,00 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: **1e ry:** 21 ks, 1 lb in 9e ks vanaf hekelpen, (2 ks, 1 lb) tot einde — 5 sps.

2e ry: Vermeer 4 spasies soos volg: 17 ks, 1 lb in 9e ks vanaf hekelpen, 3 sps op ketting; 1 sp op sp, 3 blks, 1 sp; vermeer nou 4 sps aan einde van ry só: *5 ks, draai, 1 lb in dieselfde st as eerste gehekelde lb, (5 ks, draai, 1 lb in 3e van pas gehekelde 5 ks)*; herh die deel tussen hakies 3 keer.

3e ry: Vermeer weer 2 sps aan beg van hierdie ry: 11 ks, 1 lb in 9e ks vanaf hekelpen, 2 sps, 4 blks, 3 sps, 4 blks, 1 sp; herh van * tot * van 2e ry een keer.

4e ry: Vermeer 1 sp, 1 sp, 2 blks, 2 sps, 2 blks, 3 sps, 2 blks, 2 sps, 2 blks; om 2 sps aan einde van ry te vermeerder, hekel vanaf voorlaaste sp: 5 ks, gs in 3e van draai-ks van vorige ry, 5 ks, draai, 1 lb in 3e van laaste 5 ks.

5e ry: Vermeer 1 sp, raadpleeg nou diagram en hekel voort tot einde van ry, herh van * tot * een keer.

Hekel voort, raadpleeg steeds die diagram, vermeer aan beg en einde van rye soos uiteengesit waar patroon dit vereis. Om te vermin moet net omgedraai word by die sp of blk wat vermin moet word.

AFWERKING: Werk hekelwerk met naald en garing en knoopsgatsteek aan materiaal vas. Maak kussing-oortreksel soos reeds uiteengesit, stop op en werk toe.

DIAGRAM

□ 1 sp = 2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg lb.

▣ 1 blk = 2 lb in sp, 1 lb op lb.

▢ 1 spms op 1 blk: 5 lb in 2e lb van blk in vorige ry, trek pen uit en steek dit in 1e lb van groep, trek gevalde lus deur en trek styf vas.

▣ 1 spms op 1 sp: Hekel 5 lb in sp, werk verder soos uiteengesit.

NA BLADSY 6

BLOMMEKUSSING

(sien bladsy 6)




The image displays three distinct embroidered cushions. The 'ENGELTJIE' cushion features a delicate, repeating floral or angel-like motif. The 'SPRINGMIELIE' cushion has a bold, geometric diamond pattern. The 'BLOMMEKUSSING' cushion is characterized by large, intricate floral designs. All cushions are made of a light-colored fabric, possibly silk or satin, and are set against a dark, textured background. A decorative arrangement of red and black dried branches is positioned in the upper right corner.

ENGELTJIE
(sien bladsy 6)

SPRINGMIELIE
Nr. 2
(sien bladsy 7)

BLOMMEKUSSING
(sien bladsy 6)

DIAGRAM — ENGELTJIE



VAN BLADSY 4

ENGELTJIE

(foto bl. 5)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 80 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hekelpen van 1 mm; materiaal om kussing van te maak en vulsel om mee op te stop.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Filet word so gehêkel: een spasie bestaan uit 2 ks en een lb; een blokkie = 3 lb.

Beginry: 180 ks.

1e ry: 1 lb in 9e ks vanaf begin; * 2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg st tot einde. Eindig met 5 draai-ks.

2e ry: Slaan 1e lb oor, 1 lb in vlg lb, * 2 ks, 1 lb

in vlg lb * tot einde, hekel laaste lb in 3e ks van laaste sp; 5 draai-ks.

Raadpleeg diagram vir patroon.

Knip kussingootreksel so groot soos verlang.

AFWERKING: Maak 'n val van ongeveer 12 cm breed, plooi dit in en werk aan materiaal vas. Werk 3 synate toe, stop op en werk 4e naat toe.

Werk laastens hekelwerk aan voorkant van kussing vas.

BLOMMEKUSSING

(foto bl. 5)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 120 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hekelpen

van 1,00 mm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

LET WEL: 3 ks vervang 1e lb van 'n rondte.

AANWYSINGS: **Beginrondte:** 8 ks, gs om ring te vorm.

1e rondte: 16 kb in ring, sluit met gs.

2e rondte: (1 lb in vlg kb, 1 ks) herh rondom, sluit met gs — 16 sps.

3e rondte: (1 kb in vlg sp, 3 ks); herh rondom, sluit met gs.

4e rondte: (1 kb in vlg kb, 3 kb in vlg 3-ks-sp); herh rondom; moenie afsluit met gs maar hekel net aan in kb.

5e rondte: * 3 kb in 1e kb, 1 kb in elk van vlg 3 kb; herh tot einde.

6e rondte: * 3 kb in middelste kb van elke 3-kb-gp, 5 kb op die 5 kb tussenin, herh rondom.

7e tot 13e rondte: Soos 6e rondte. In elke rondte is daar 2 ekstra ste tussen elke 2 punte; die 13e rondte is dus: 3-ks-gp, 17 kb 3-kb-gp ens.

14e rondte: * 1 kb, steek hekelpen van agter af rondom middelste kb van 3-kb-gp, 3 ks, 1 kb op dieselfde manier rondom 9e kb van die 17 kb tussen 2 punte, 3 ks; herh rondom. Dit lewer 32 sps en bring mee dat die gekartelde blomme bo-op die hekelwerk lê wanneer die motief voltooi is.

15e rondte: * 1 kb in vlg sp, 4 ks; herh rondom, sluit met gs.

16e rondte: * 1 kb in vlg sp, 5 ks; herh rondom, sluit met gs.

17e rondte: * (1 lb, 1 ks) 5 keer in vlg sp, 1 lb in dieselfde sp, slaan 1 sp oor; herh rondom — 16 waaiers afgewissel met 16 sps.

18e rondte: 1 kb, 3 ks in elke 1-ks-sp.

Hekel elke vlg blom by die 3 middelste lse van 2 opeenvolgende waaiers aan die vorige blom vas. (Raadpleeg foto.)

Verbindingsmotief: 6 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 12 kb in ring, sluit met gs.

2e rondte: * 1 lb, 2 ks; herh rondom — 12 sps.

3e rondte: * 2 kb in vlg sp, (1 ks, 1 p) 3 keer, hekel vas aan verbindingspunt tussen 2 blomme, (1 ks, 1 p) 3 keer, 2 kb in dieselfde basislus, 2 kb in vlg sp, (1 ks, 1 p) 2 keer, hekel vas aan middelste lse van vlg waaier, (1 ks, 1 p) 2 keer, 2 kb in dieselfde basislus *; herh van *.

AFWERKING: Werk die gehekelde pant aan 'n kussingootreksel van bypassende mate vas. Moenie pars nie.

SPRINGMIELIEKUSSING NR. 1

(foto bl. 3)

BENODIGDHEDE: 1 bol Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20, (20 g); hekelpen van 1,00 mm; materiaal om kussing te maak, stopsel.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

LET WEL: 3 ks aan beg van rondte vervang 1 lb, en 4 ks vervang 1 dsl.

AANWYSINGS: Beginrondte: 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 20 dsl in ring, sluit met gs in 4e van begin-ks.

2e rondte: * 1 dsl in vlg st, (2 ks, 1 dsl in vlg st) 4 keer, 2 ks, (1 dsl, 5 ks, 1 dsl) in vlg st vir hoek, 2 ks; herh van *, eindig by laaste hoek met 1 dsl in dieselfde st as eerste dsl, 5 ks, gs in bopunt van 4e begin-ks.

3e rondte: * (1 smst, 1 ks) in vlg 5 sps, (3 lb, 3 ks, 3 lb) in hoek-sp, 1 ks; herh van * tot einde, gs tot by 1-ks-sp tussen eerste 2 smste.

4e rondte: * (1 smst, 1 ks) in elke 1-ks-sp tussen smste, 1 lb in vlg 1-ks-sp, 2 ks, (3 lb, 3 ks, 3 lb) in hoek, 2 ks, 1 lb in vlg 1-ks-sp, 1 ks, herh van * tot einde, gs tot vlg 1-ks-sp.

5e rondte: Soos 4e rondte, maar met 3 smste en 2 sps tot by hoek.

6e rondte: Soos 4e rondte, maar met 2 smste en 3 sps tot by hoek.

7e rondte: Soos 4e rondte, maar met 1 smst en 4 sps tot by hoek.

8e rondte: 5 ks, (lb in vlg sp, 2 ks) 4 keer, * (3 lb, 3 ks, 3 lb) in hoek-sp, 2 ks, (1 lb in vlg sp, 2 ks) 10 keer, herh van *, eindig met gs in 3e van 5 ks.

9e rondte: (2 kb, 3 ks, 2 kb) in elke 2-ks-sp (dit vorm 'n soort picot), hekel (2 kb, 5 ks, 2 kb) in elke hoek.

LET WEL: Die nagemaakte picots word picots genoem.

Hekel 'n 2e vierkant en hekel dit in die laaste rondte aan eerste vierkant vas by elke picot. Hekel 4 vierkante om 'n groot vierkant te vorm; speld uit en pars liggies onder 'n klam lap.

AFWERKING: Knip materiaal soos verlang en werk aan 3 kante toe. Dop om en stop op. Werk 4e kant toe. Werk gehekelde vierkant in middel aan een kant netjies vas.

SPRINGMIELIEKUSSING NR. 2

(foto bl. 3)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 240 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20 (20-g-bol-le), hekelpen van 1,00 mm, materiaal om kussingootreksel te maak; stopsel

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Beginrondte: 15 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 32 dsl in ring, gs in bopunt van 4e begin-ks.

2e rondte: * 1 dsl, 2 ks, 1 dsl in dieselfde st — 'n hoek gevorm — (1 ks, 1 dsl in vlg st) 7 keer, 1 ks; herh van * rondom, sluit met gs.

3e rondte: * (2 lb, 2 ks, 2 lb) in hoek-sp, (1 ks, 1 smst in vlg sp) 8 keer, 1 ks; herh van *

rondom; sluit met gs.

4e rondte: * (2 lb, 2 ks, 2 lb) in hoek-sp, 1 lb in elk van vlg 2 lb, 1 lb in 1-ks-sp, 1 lb in vlg smst, (1 ks, 1 smst in 1-ks-st tussen smste van vorige ry) 7 keer, 1 ks, 1 lb in laaste smst, 1 lb in vlg 1-ks-sp, 2 lb in vlg 2 lb; herh van * tot * rondom.

5e rondte: (2 lb, 2 kb, 2 lb) in hoek-sp, 6 lb op lb, 1 lb in vlg 1-ks-sp, 1 lb in vlg smst, (1 ks, 1 smst in vlg 1-ks-sp) 6 keer, 1 ks, 1 lb in vlg smst, 1 lb in vlg 1-ks-sp, 1 lb in elk van vlg 6 lb; herh rondom.

6e tot 10e rondte: Hekel voort soos uiteengesit, vermin aantal smste in elke rondte soos gestel tot by 10e slegs 1 smst in middel oorbly.

11e rondte: * 1 lb, 5 ks, 1 lb in hoek-sp, (2 ks, slaan 1 st oor, 1 lb) 21 keer vir 1 sykant, 2 ks; herh van * tot einde, sluit met gs.



12e rondte: (1 smst, 1 ks) in elke hoek-sp, (1 smst, 1 ks) in elke sp aan sykant, knip garing af.

Hekel 2e vierkant en hekel dit aan 1e vierkant vas met 1 lb in elke 1-ks-sp.

Hekel 4 sulke vierkante altesaam. Hekel dit aanmekaar soos uiteengesit.

OMRANDING: 1e rondte: * 1 lb in vlg 1-NA BLADSY 8

ROSETKUSSING (sien bladsy 8)



ROSETKUSSING
(patroon bl. 8)

STERKUSSING (sien bladsy 11)

ROSETKUSSING

VAN BLADSY 7
ks-sp tussen 2 smste, 2 ks, tot hoek; (1 lb, 5 ks, 1 lb) in hoek-smst; herh rondom.

2e rondte: * (1 smst, 1 ks) 4 keer in hoek-sp, (1 smst, 1 ks) in elke sp.

3e rondte: * (1 smst, 1 ks in vlg sp) 5 keer, 2 ks, 1 lb in vlg sp, 2 ks; herh van * rondom.

4e en daaropvlg rondtes: * (1 smst, 1 ks) 4 keer, (2 ks, 1 lb in sp) twee keer, hekel voort met (2 ks, 1 sp) in vlg 1-ks-sp, vermin in elke rondte die aantal smste tot die laaste rondte net (1 sp, 1 lb) is.

Knip garing af en werk netjies af.

AFWERKING: Knip kussingoottreksel uit materiaal en werk 3 sykante toe. Stop op en werk 4e kant toe.

Werk hekelwerk met fyn stekies aan oortreksel vas.

ROSETKUSSING (diagram bl. 7)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g Pin-gouin Nr. 8; staalhekelpen van 1,00 mm; glanskatoen om kussing te maak; 400 g kapok of ander stopsel.

MATE: Die voltooide kussing is ongeveer 60 x 38 cm. Een motief is 9,2 cm in deursnee en een klein vulmotief 3 cm.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

SPANNING: 1 ry kb = 0,7 cm.

GROOT ROSET: 9 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 1 ks, 18 kb in ring, gs in 1e ks.

2e rondte: (1 kb, 3 ks) 6 keer.

3e rondte: * 5 lb in 3 ks, 1 lb in kb; herh rondom.

4e rondte: (2 lb in vlg 2 lb, 3 ks, slaan 1 lb oor) 12 keer, eindig met sluit-gs.

5e rondte: gs oor eerste 2 lb; (3 lb, 4 ks) 12 keer, maar eindig laaste herh met 1 ks, 1 lb in 3e van 3 begin-ks.

6e rondte: 3 lb in eerste sp, 3 ks, (1 kb in middelste van 3 lb, 3 ks, 3 lb in vlg sp, 3 ks) herh rondom.

7e rondte: (gs tot in middelste van 3 lb, 8 ks) 12 keer.

8e rondte: 5 ks vir 1e lb en 2 ks; hekel rondom met 1 lb, 2 ks, om 40 ks-sps te verkry. Verdeel soos volg: 3- drie 2-ks-sps in eerste twee 8-ks-sps, vier 2-ks-sps in vlg 8 ks-sp; herh nog 3 keer.

Hekel 24 sulke motiewe vir een kant van kussingoottreksel, werk hulle in laaste rondte aan naasliggende motief(motiewe)

vas by middelste 3 punte van een sykant; slaan 2 punte oor, heg vlg motief by daaropvlg 3 punte vas. Rangskik hulle in 4 rye van 6 motiewe om 'n reghoek te vorm. Hekel tweede kant van kussing op dieselfde wyse.

VULMOTIEF: Hekel 8 ks, gs om ring te vorm; 1 kb in ring, 8 ks, gs vas aan eerste vrye punt tussen 2 vashegtings van groot motiewe, 8 ks, 1 kb in ring, 8 ks, gs vas aan tweede punt van groot motief, 8 ks en 1 kb in ring. Herh rondom, met 2 punte aan 2 punte van groot rosette, 8 altesaam.

OMRANDING: Hekel 3 rye net-st, begin by 'n hoek met 1 kb in middelste van 3 lb, (9 ks, 1 kb in middelste van 3 lb) 3 keer; om spasie aan sykant tussen 2 motiewe te vul, hekel: 11 ks, 1 kb in middelste st van vlg 3-lb-gp, 13 ks, een vyfsl in middelste st van vlg 3-lb-gp, een vyfsl in ooreenkomstige 3-lb-gp van aangrensende motief, 13 ks, en hekel voort soos uiteengesit.

Sluit met 4 ks, een driesl; begin die vlg rondte vanuit middel van dié 9-ks-sp.

ROOSMOTIEF

(foto bl. 10)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 130 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hekelpen van 1,00 mm; genoeg materiaal om oortreksel vir kussing te maak; stopsel; smal kantomranding.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: *Die eerste blokkie bestaan uit 4 lb, elke daaropvlg blokkie

bestaan uit 2 plus 1 lb; die eerste spasie van 'n ry bestaan uit 1 lb, 2 ks, 1 lb; elke daaropvlg sp bestaan uit 2 ks, 1 lb.

Om 'n blokkie bokant 'n spasie te hekel moet 2 lb in die 2-ks-sp gehekel word.*

Beginry: Hekel 225 ks, draai.

Volg nou diagram tot roosmotief voltooi is.

Werk die voltooië motief netjies op materiaal vas, en maak 'n oop soom ongeveer 6 cm vanaf sykante, aan al vier die kante.

AFWERKING: Werk oortreksel aan 3 kante toe. Stop op en werk oorblywende oop kant toe. Werk smal kantjie rondom buitenste rand vas.

BLOMKRANS

(foto bl. 12)

BENODIGDHEDE: 2 bolle Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 30; hekelpen van 1 mm; 45 x 90 cm wit linne; 45 x 90 cm turkoois seildoek; kapok om te stop.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

LET WEL: Daar is 7 verskillende blom- en blaarmotiewe wat genommer word.

BLOM Nr. 1 (Hekel 1 vir middel)

1e ry: 3 ks, 5 kb in 2e ks.

2e rondte: *1 kb, 2 ks*; herh van * tot *

3e rondte: 4 kb in elke 2-ks-sp.

4e rondte: gs in 1e st, kb in vlg 2 ste, *5 ks,

slaan 2 kb oor, 1 kb in vlg 2 kb*; herh van * tot * rondom.

5e rondte: 2 kb in 2 kb, 8 hlb in 5-ks-sp*; herh rondom.

Knip garing af en werk af.

BLOM Nr. 2 (Hekel 11)

1e rondte: 4 ks, sluit ring met gs en hekel 10 kb in ring.

2e rondte: *3 ks vir 1e lb, 3 ks, slaan 1 kb oor*; herh van * tot einde van rondte.

3e rondte: (1 kb, 3 hlb, 1 kb) in elke sp.

Knip garing af en werk af.

BLOM Nr. 3 (Hekel 55)

1e rondte: 4 ks, sluit om ring te vorm en hekel 10 kb in ring.

2e rondte: *1 kb, 2 ks, slaan 1 st van vorige rondte oor*; herh van * tot * tot einde.

3e rondte: (1 kb, 2 hlb, 1 kb) in elke sp.

Knip garing af en werk af.

BLOM Nr. 4 (Hekel 16): Hekel 4 ks, sluit ring en hekel *3 lb, 1 ks* 4 keer in ring.

2e rondte: (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke ks.

Knip garing af en werk af.


Hekel ook 6 blommetjies met slegs 2 blomblare in 2e rondte.

BLOM Nr. 5 (Hekel 11): Hekel 5 ks, draai, 1 kb in elke kb, draai, 1 kb in elke kb vir 2e ry.

3e ry: 2 kb in 1e en 2e kb, draai, hekel 3 rye kb;

7e ry: Hekel terug met gs op die 2 kb en dan 2 kb in elke kb; daarna weer 3 rye kb. Knip garing af en werk af.

NA BLADSY 10





PERD
(sien bladsy 11)

ROOSMOTIEF
(sien bl. 9)

VAN BLADSY 9

BLOM Nr. 6 (Hekel 17): Hekel 3 ks, 2 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in 3e ks, vermeer 1 st aan beg van vlg 3 rye — 6 ks.

Hekel daarna slegs in eerste 2 basis-ste vir eerste blomblaar, hekel 7 rye, vermeer 1 st aan beg van elke ry vir die eerste 4 rye, — 6 kb, hekel dan voort sonder vermeer* tot 7 rye voltooi is*.

Herh van * tot * vir die volgende 2 blomblare.

Hekel nog een blom met 3 ks, vermeer tot 4 kb, en hekel 2 blomblare i.p.v. 3.

STEELTJIES: Hekel 3 ks, en hekel kb in rye tot verlangde lengte.

BLARE Nr. 7 (Hekel 30): Hekel 'n ketting van 13 ks en steek hekelpen in 4e ks, 1 kb in elkeen van 9 ks tot einde, 3 kb in laaste st, draai werk om en hekel 1 kb in elk van vlg 9 ks; draai; *2 ks, slaan 1 st oor, hekel slegs in agterste 1s van elke st, 9 kb, 3 kb in vlg st, 9 kb, draai*.

Herh van * tot * nog 6 keer.
Knip garing af en werk af.


AFWERKING: Die kussing bestaan uit

verskillende motiewe wat afsonderlik gehekel word en dan met hlb aanmekaaragehekel word, of met naald en garing aan mekaar vasgewerk word.


Teken die ontwerp op 'n stuk papier voor met die samestelling begin word, om uit te werk hoe die motiewe gerangskik moet word. Nommer die blomme op jou tekening om die werk te vergemaklik en werk dit daarvolgens aanmekaar. Sodra al die motiewe vir middelstuk gerangskik en aanmekaaragehekel is, moet 'n strook van 7 kb daaromheen gehekel word. Begin met 8 ks, hekel 7 kb in 8 ks en hou aan tot verlangde



SPRINGMIELE
NR. 2
(sien bladsy 1)



SPRINGMIELE
NR. 2
(sien bladsy 1)



lengte bereik is — ongeveer 270 rye.

Hekel opstel- en afhegrand aanmekaar om 'n plat ring te vorm.

Hekel nou rondom buitenste rand van band soos volg: * 7 ks, slaan ongeveer 4 rye oor en hekel 1 kb in elke 5e ry *; herh van * tot * — daar moet 'n veelvoud van 6 spasies verkry word.

Hekel nog 4 rondtes op dieselfde wyse.

Verdeel nou die werk in 6 gelyke dele van 9 sps elk en hekel elke deel afsonderlik.

Vermin 2 sps aan weersk van eerste ry, 5 sps bly oor; draai, gs tot middel van 1e sp, vermin 2 sps in middel, hekel tot 4 sps voltooi is, draai, hekel 2 sps in 3e ry en 2 sps in 4e ry, dan 1 sp in 5e ry, knip garing af en werk af. Dit vorm 'n punt.

Voltooi die oorbl 5 punte op dieselfde wyse en wanneer hulle voltooi is, werk 'n ry Nr-3-blomme rondom rand met elke 5e blom 'n Nr-4-blom.

Wanneer al die gehekelde onderdele voltooi en aanmeakaargewerk is, moet werk

na mate uitgespeld en gestoom word om regte vorm te verkry.

Werk buitenste blarerand aan wit kussing-oortreksel vas nadat dit sorgvuldig in middel vasgespeld is en knip die materiaal weg onder die gehekelde deel. Maak 'n turkoois kussing-oortreksel en vul dit met kapok. Steek dit dan in wit kussing-oortreksel en werk die oop nate toe.

PERD (foto bl. 10)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hekelpen van 1,00 mm; genoeg materiaal om oortreksel vir kussing te maak; stopsel

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Die eerste blk bestaan uit 4 lb, elke daaropvolg blokkie uit 2 lb plus 1 lb;

die eerste spasie van 'n ry bestaan uit 1 lb, 2 ks, 1 lb; elke daaropvolg sp = 2 ks, 1 lb.

Om 'n blokkie bokant 'n spasie te hekel moet 2 lb in die 2-ks-sp gehekel word.

Beginry: Hekel 264 ks, draai en volg aanwysings op die diagram tot roosmotief voltooi is.

Werk die materiaal aan 3 kante toe, stop op en werk oorblywende oop kant toe. Werk gehekelde motief netjies aan een kant van kussing vas.

STERKUSSING (foto bl. 8)

BENODIGDHEDE: Ongeveer 130 g Pingouin Nr. 5; hekelpen van 1 mm; materiaal om voering vir kussing te maak; stopsel.

MATE: Een motief is 11 x 11 cm.

NA BLADSY 12



BLOMKRANS
(sien bladsy 9)

VAN BLADSY 11

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: **Beginrondte:** 8 ks, gs om ring te vorm.

1e rondte: 24 lb in ring.

2e rondte: 1 lb in elk van vlg 4 lb, 2 ks; * 1 lb in laaste van voorafgaande 4 lb, 1 lb in elk van vlg 3 lb, 2 ks; herh rondom. Dit lewer 8 blokke van 4 lb elk met 8 spasies van 2 ks tussenin elke 2 blokke.

3e rondte: 2 lb in 1e lb, 1 lb in elk van vlg 2 lb, 2 lb in laaste lb, 2 ks; herh rondom.

4e rondte: 2 lb in 1e lb, 1 lb in elk van vlg 4 lb, 2 lb in vlg lb, 2 ks; herh rondom.

5e rondte: Soos 4e rondte maar met 6 lb tussenin.

6e rondte: * 1 lb in elk van vlg 10 lb, 5 ks; herh rondom maar eindig laaste herh met 2 ks, 1 lb in bopunt van 3 begin-ks om in middel van spasio met vlg ry te kan begin.

7e rondte: * 1 kb in sp (d.w.s., bo-op die pas gehekelde verbindingspunt, net vir hierdie 1e kb in sp), 5 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 8 lb, 5 ks, 1 kb in 5-ks-sp, 5 ks; herh nog 7 keer. Eindig laaste herh met 2 ks, 1 lb in 1e kb.

8e rondte: (1 kb in sp, 5 ks) 2 keer, * slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 6 lb, (5 ks, 1 lb in vlg sp) 3 keer, herh van * maar eindig laaste herh met 2 ks, 1 lb in beg-kb.

9e rondte: (1 kb in sp, 5 ks) 3 keer, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 4 lb, maar hou laaste ls van elkeen op hekelpen, grh en trek deur al

die lusse) (d.w.s., 4-lb-gp gemaak), 5 ks, 1 kb in sp, 5 ks, (3-lb-gp, 3 ks, 3-lb-gp) alles in vlg 5-ks-sp, 5 ks, 1 kb in sp, 5 ks; herh van * rondom, maar eindig rondte met 2 ks, 1 lb in beg-kb.

10e rondte: * (1 kb in sp, 5 ks) 5 keer, 3-lb-gp in laaste ks van 5-ks-sp, 5 ks, (3-lb-gp 3 ks, 3-lb-gp) in 5-ks-sp, 5 ks, 3-lb-gp in 1e van vlg 5 ks, 5 ks; herh rondom, eindig rondte met 2 ks, 1 lb in beg-kb.

11e rondte: (1 kb in sp, 5 ks rondom, maar in elke hoek-sp hekel 1 kb, 5 ks, gs in dieselfde kb, 5 ks; herh rondom.

Hekel 16 sulke vierkante vir een kant van kussingootreksel en hekel hulle in laaste rondte van elke vierkant aanmekaar met 1 gs in middel van elke 5-ks-sp.